Kortpad na vrede

In Suid-Afrika word geskille nog te maklik in lang uitgerekte hofsake uitgespook. Daar moet op alle vlakke gekyk word na bemiddeling om geskille te besleg én menseverhoudinge te bou, skryf **Anastasia de Vries**.



'n Hoërskoolleerder van Delft skryf hier oor die kenmerke van 'n bemiddelaar.

Prof Barney Jordaan, hoof van die USB se Afrika-Sentrum vir Dispuutoplossing

Vrede baar vrede. Vredemakers moet vanuit alle oorde kom. Vanuit die raadsaal ... en selfs uit die klaskamer. Prof Barney Jordaan, hoof van die Afrika-Sentrum vir Dispuutoplossing (ACDS) aan die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB), glo dis hierdie vredemakers wat die land se hoop op eenheid, vertroue, nasiebou en gesonde gemeenskappe sal herstel.

Daarom droom hy van 'n land vol bemiddelaars, 'n land waar strydende partye hul dispute in die skole, raadsale, gesinne of gemeenskappe deur vreedsame bemiddeling pleks van grimmige hofsake besleg.

Bemiddeling is nie slegs die domein van die bevoorregtes nie. Ook nie van verkose leiers of selfs volwassenes nie. Vra gerus die gemeenskap van Delft, 'n geweldgeteisterde woonbuurt wat sowat 34 km noordoos van Kaapstad en 7 km van Bellville in die Wes-Kaap geleë is.

Die inwoners van Delft het in hul honderde op 'n koue, nat Saterdag in Mei vir hul opleiding opgedaag: leerders van 12 laer- en hoërskole, onderwysers en ouers, almal deel van die Delft-skole-projek vir portuurgroep-bemiddelaars. Francois Botha, 'n voormalige landdros, lei dié toetsprojek wat deur die USB gefinansier word. Botha is in die ACDS as bemiddelaar opgelei.

"Julle is baanbrekers," begroet Jordaan die leerders. "Vandag gee julle die eerste tree in jul opleiding as bemiddelaars in jul skole." Hulle is die aspirant-vredemakers wat bemagtig sal word met die burgerlike moed om self die euwels van dwelms, bendegeweld en misdaad in hul gemeenskap om te keer.

"Bemiddeling leer die kinders dat daar 'n ander manier van leef is én help hulle om self hul gemeenskap te verander. Dít is burgerlike moed, die moed om jouself te handhaaf, met respek vir ander," sê Jordaan.

Naas die omgewings-, arbeids- en familiegeskille waarop die ACDS hom rig, beoog die sentrum om 'n span internasionale vredemakers op te lei en hulle 'n steunbasis te bied.

Die ACDS, wat 'n jaar gelede begin is, spog nou met 'n span spesialis-bemiddelaars, onder wie sake- en regslui, én emeritus aartsbiskop Desmond Tutu as dié sentrum se beskermheer.

Dit is die ACDS se visie om dialoog en bemiddeling te bevorder as alternatiewe maniere om meningsverskille en geskille op te los. Dié Sentrum lei ook ander op en rus hulle toe met die kennis en vaardighede om sake te beredder én menseverhoudings te red.





Twee leerders van Delft deel 'n grap tydens hul opleiding as portuurgroep-bemiddelaars. Ouers, kinders en onderwysers is deel van die USB se skoleprojek.

FOTO'S KRISTEN VAN SCHIE

'Bemiddeling is nie 'n Westerse uitvindsel nie... Ons hier in Afrika wéét mos van onder 'n boom sit om geskille te besleg.'

Sê Jordaan: "Bemiddeling skep 'n veilige ruimte waarbinne die partye vertroulik met mekaar en die bemiddelaar kan praat. Op dié manier kan die werklike strydvrae tussen hulle uitgepluis en uitgepraat word. Omdat hulle gelei word om mekaar se kant van die saak in te sien, word dit makliker om verskillende oplossings vir hul eise te oorweeg."

Vergelyk dit met die hewige argumentvoering in hofsake, wat volgens hom meestal meer kwaad as goed doen. "As mense argumenteer, raak hulle gewoonlik opgewerk. Navorsing bewys as jou hartklop meer as 100 slae per minuut oorskry, word jou vermoë om na 'n ander te luister erg aangetas."

Behalwe dat hofsake baie geld kos, is dit ook tydrowend. Almal weet hoe oorvol ons hofrolle is met sake wat jare sloer om afgehandel te word. Terwyl nuwe sake voortdurend bygevoeg word, word appèlle dikwels teen hofuitsprake aangeteken en kan dit tot vyf jaar duur voordat 'n saak uiteindelik afgehandel is.

"En as die hofsaak uiteindelik geskik word, wat in die meeste gevalle gebeur, is die verhouding wat dalk oor jare tussen die betrokkenes opgebou is soms onherstelbaar geskend," sê Jordaan.

Dit is soveel anders as met bemiddeling waar begeleide onderhandeling tussen die verskillende partye die grondslag vorm – en die kans groot is dat die geskil binne 'n dag of twee geskik kan word.

"Die praktyk het bewys dat meer as 60% van alle siviele en kommersiële sake op die dag van bemiddeling geskik word. Nog sowat 15% word binne 'n maand afgehandel. As bemiddeling deel van die hoofstroom sou word, sal dit baie min oorlaat vir die oorvol howe om te behartig. Die belangrikste is dat bemiddeling 'n gesprek tussen die strydende partye aan die gang sit en dat 'n mens kan sê jy is jammer sonder dat jy jou saak benadeel.

"Bemiddeling is nie 'n Westerse uitvindsel nie, al is dit dalk daar verfyn," sê Jordaan. Ons hier in Afrika wéét mos van onder 'n boom sit om geskille te besleg. Inheemse geskilstrategieë, bodemkennis. Ons kan die beste van die Weste saam met ons inheemse vredespotensiaal in bemiddeling gebruik."

Só kan Suid-Afrika se mense die morele moed kweek om agente van verandering in die land te word. a

Vir meer inligting
besoek www.usb.ac.za/disputesettlement
of bel prof Jordaan by 021 918 4381.

Summary: Give peace a chance

"All too often people end up in litigation over issues that can so easily be resolved through mediation," says Prof Barney Jordaan, head of the USB's Africa Centre for Dispute Settlement. Besides being an alternative to lengthy court cases, mediation can also be a means of achieving the peace and understanding so badly needed in South Africa. The Centre has launched a community mediation training project involving 12 schools in Cape Town's Delft township.